


Hou die mangat deksel goed geseël.

Oktober 2023



Die eerste 6 sekondes van 'n damp-lek by die hars-reaktor se mangat deksel.

(Verwysing: CSB incident report No. 2021-04-I-O)

Op 8 April 2021, in 'n hars-aanleg in Columbus in Ohio: 'n Mengsel van vlambare nafta en hars vloeistof het deur die oop mangat deksel van die reaktor ontsnap. Dit het vinnig deur die gebou versprei, met lug gemeng en 'n vlambare wolk gevorm binne en om die gebou. Die operateur het die noodstop van die reaktor probeer druk maar kon nie deur wit damp sien nie en het moeilik asem gehaal. Van die warm hars het op hom gespuit. Hy het uit die gebou gevlug. Twee minute later het vlambare damp ontsteek en 'n ontploffing en brand veroorsaak.

Een persoon is dood en agt ander is hospitaal toe geneem. Die ontploffing het geboue in die omgewing geskud en minstens een naburige besigheid se gebou is beskadig. Die hars aanleg self is ernstig beskadig en moes afgebreek word.

Het jy geweet?

- 'n Mangat met los boute of minder as die regte aantal boute kan lek teen laer as die ontwerp druk.
- Verkeerde of foutiewe pakstukke kan ook lekke veroorsaak. Dit moet die korrekte tipe wees goed in posisie geplaas word om 'n goeie seël te vorm.
- Die Beacon van Maart 2021 beskryf 'n insident waar die mangat deksel begin lek het voordat die veiligheidsklep oopgemaak het.
- Wanneer 'n vlugtige oplosmiddel in 'n warm reaktor gegooi word bo die oplosmiddel se kookpunt verdamp dit vinnig. Die proses word fletsing genoem. Dit kan die druk van die reaktor vinnig verhoog.
- Alle konneksies moet behoorlik vasgemaak wees sodat daar geen lekke is nie. Oormatige druk kan dan deur die veiligheidskleppe na 'n veilige plek vrygelaat word.

Wat kan jy doen?

- Maak seker jy weet wat is die korrekte manier om mangat deksels vas te maak. Besonderhede soos byvoorbeeld hoeveel boute of klampe, die vereistes vir wringkrag is belangrik om lekke te voorkom.
- Bedryfsprosedures behoort die korrekte manier om mangate vas te maak voor te skryf. As van die inligting nie beskikbaar is nie, praat met jou toesighouer sodat dit bygevoeg kan word.
- Die korrekte tipe pakstuk, materiaal en ander vereistes behoort ook in die bedryfsprosedure voorgeskryf te word,
- Flense wat lek maak baiekeer 'n fluit of suis geluid as dit lek. As jy dit hoor, gaan onmiddellik na veiligheid en maak planne saam met jou toesighouer om die probleem op te los.

Om te seël is beter! Veral deksels en mangate!